

## Joernaal: Boeke

### Op die skaalbakke: 'n Boeiende verhaal en wysheid

#### Deur George Weideman

BRUG VAN DIE ESELS, deur Dalene Matthee. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1992.

Dalene Matthee se nuwe roman verskil in belangrike opsigte van haar "bos"-boeke, maar bou ook voort aan die boeiende tema van konflik tussen persoonlike geluk, en die lewe en geluk van mense om jou; die stryd tussen wat jy glo jy is, en wat van jou verwag word om te wees; die botsing tussen die mag van die buiter en die krag van die beroofde se opstand; die stryd tussen waarheid en (self-)bedrog. Ook in Brug van die Esels is die skaalmotief belangrik: "Daar is iets oor volstruisvere ... hulle is anders as ander voëls se vere. Die lang, smal veertjies wat uit die skag kom, is presies ewe lank, soos regverdigheid en waarheid, en die ou Egiptenare het geglo as jy in die hemel kom, sit hulle jou hart op die een kant van 'n skaal en 'n volstruisveer op die ander kant om te bepaal hoeveel sonde met jou saamgekom het. As die veer die skaal net effens laat roer, moet jy terugkom aarde toe en weer probeer" (p. 211).

Die kenmerkende Matthee-gegewe van die Bos, metafories gesien ruwe diamante soos Saul Barnard en die Komoeties en Van Rooyens en Miggels, mense wat deur eie of ander se hebsug aangetas word, word hier byna verletterlik. Brug van die Esels is die verhaal van 'n eiendomsagent, Araminta Rossouw, wat onbedag by onwettige diamanthandel betrokke raak. Die leser verneem kort-kort watter magiese bekoring ongeslypte diamante vir haar inhou; hul ongeslyptheid versinnebeeld háár drang na vryheid en geluk. Nie om dowe neut diamante nie. Etimologies dui Grieks adamos op dit wat nie verower kan word nie; as simbool verteenwoordig die diamant die hoogste waardes. Op die ander skaalbak die mens se gierigheid. Aanvanklik is dit die bloot materialistiese (geld wat nodig is vir vryheid êrens oorsee weg van opstapelende berigte oor politieke geweld). Maar mettertyd word die "onskuldige" Araminta ingesuij deur 'n proses wat haar eers tot smokkelaar en nog later lokvink degradeer, en uiteindelik word sy gekonfronteer met die vraag of sy nie deur haar obsessie ontroou was aan haar droom en aan die Afrika van wie se vernietiging sy ook deur haar kennis getuie is nie. Dus: 'n verhaal van illusie en selfbedrog. Die titel sê al dat die maklike uitweg (emigrasie, eiendom in "veilige gebiede" soos die paradyslike Suid-Kaap, liberale toekomsdrome soos dié van haar "verligte" dominee-pa) nie lewenskewessies of die waarhede van Afrika kan oorbrug nie.

As knap storieverteller weet Matthee hoe om fasette van die geskiedenis déél van haar verhaallyn te maak. Plek-lek kry mens egter die gevoel dat die lig té lank op 'n bepaalde faset val, of dat die boek nie klaargeslyp is nie, asof die storie van Araminta se geluksoeke té bewustelik gekoppel word aan die lotsbestemming van die Afrikaner of aan die geskiedenis van die diamant. Die verhaal verloop tussen die volgende twee insigte: "Sy vra nie meer nie, sy stry nie meer nie, sy weet Afrika wil nie wit kinders hê nie. Nie eens in die suide aan sy voete kan jy skuilte vat as jy in 'n wit lyf woon nie; jy moet jou goed pak en loop en vir jou ander blyplek op die aarde gaan soek." (p. 3)

"Ek het lank gedink Afrika wil nie wit kinders hê nie, net swart kinders. Daarom traak hy nie oor ons nie. Nou weet ek: al gaan ek weg, sal ek altyd sy kind wees. Ons is sy kinders, hy traak oor ons ook. Dis ons wat nie oor hom traak nie." (p. 243) Aan dié nadruklikheid ontsnap Matthee nie oral nie. Maar sy is 'n slim skrywer; agter die feitlik banale verloop van Araminta se ondergangspad vermoed die leser algaande 'n wysheid wat wyer reik. Hierdie wysheid (deurlopende flitse van insig) word gedra deur wat mens intuïsie-elemente kan noem: Grepies folklore, legendes en anekdotes oor diamante en Priester Jan; allerlei bygelofies wat oënskynlik toevallig in die teks beland; Araminta se oënskynlik lawwe "gesprekke" met die berg in sy verskillende gedaantes deur haar woonstelvenster; talle "ontmitologiserings", ens.

Die Afrikaner word met trots én weersin beskryf; die perspektief op die geskiedenis (die werklike redes, byvoorbeeld, vir die anneksering van die diamantvelde en die verdrywing van oorspronklike Afrika-inwoners) word indringend ondersoek. Die sentrale karakter oortuig omdat die vrou se perspektief op die vernietigingsproses waaraan land en aarde onderwerp is, hier as korrekatief vir die (manlike) veroweringsdrang dien. Dis egter nie 'n politieke roman nie (hoewel baie lesers dit net so mag sien); dis 'n verhaal van 'n vrou wat haar self, haar eie ongeslyptheid en egtheid nog moet ontdek, moet vind in 'n Suid-Afrika wat al hoe duideliker deur materiële magte beheer word. Dis ook, op 'n ander vlak, die verhaal van 'n vrou wat in opstand kom teen die be(sit)lustigheid van mans één van die eselbrûe wat haar telkens aangebied word, is om te trou! Dis dus gepas dat sy éérs tot haarself moet kom voordat sy aan 'n man dink. Maar wat veral vasstaan, is dat Araminta as romankarakter, nee: as mens, groei van iemand wat figuurlik gesproke nie die spuug van 'n swart aktivis van haar gesig af gewas kry nie, tot gelouterde wat teenoor die swart diamantspeurder Grace Ngobeni moet erken “ons het te veel brûe oor mekaar se waarheide gebou”.

Stel jou voor jy leef in 'n tyd van ekonomiese probleme, geldvrate en politieke opportuniste – seker die gevaarlikste tyd vir 'n skrywer, want juis dán word die skrywerstem nie maklik bo die klank van geld gehoor nie. En juis dán verskyn 'n roman soos Brug van die Esels, as bevestiging van die enigste eerbare rol wat die skrywer nog altyd durf speel het in so 'n tyd: om skeefgetrekte waardes te bevraagteken, om 'n boodskap van opstand en hoop te bring, om korrekatief te wees vir opportuniste. Dalene Matthee kry met haar roman die feitlik onmoontlike reg. Dit is om 'n haas oppervlakkige maar boeiende storie met soveel wysheid te laai dat selfs die grootste filistyn nie onaangeraak kan bly nie.

BRON: Die Burger, 17 November 1992